

# Wees bedag op risiko's met trusts

Nico van  
Gijsen



## Raad met jou rande

gereeld die uitdrukking “my goed is in trust”, of daar word gepraat van “my trust”. Dis nie jou goed nie en dit is nie jou trust nie. As ek ’n onderwyser was en my lesers my studente, sou ek hulle dit hardop laat sê het (’n paar 100 maal) “trustbates is nie myne nie”.

As jy dus bates in ’n trust wil plaas, aanvaar dat jy afstand van daardie bates gaan doen. Jy kan steeds die genot daarvan hê, maar dit is dan nie meer joune nie. Dit word dan deur die trustees besit (in hul hoedanigheid as trustees).

Daar is basies drie maniere om jou bates in ’n trust oor te dra. Jy kan dit laat vererf deur dit in jou testament aan ’n trust te bemaak ten gunste van jou naasbestaandes. Maar dit dra nie veel by tot jou persoonlike finansiële doelwitte met boedelbeplanning nie.

Die tweede is om dit te skenk aan die trust. Dit is die skoonste en eenvoudigste manier om onmiddellik afstand te doen van eienaarskap en só die bate uit jou boedel te kry. Maar dan kom jy te staan voor geskenkebelasting van 20% op die waarde van die bates.

Min mense sal oortuig kan word dat die 20% belasting nou beter is as ’n latere 20% boedelbelasting. En dit eers ná die R3,5 miljoen vrystelling vir boedelbelasting.

Die meer sinvolle en praktiese manier van doen, is om die bates na die trust oor te dra op leningsrekening. Kortom, die trust skuld jou dan die waarde van die bates. Só beperk jy die waarde in jou boedel vir boedelbelasting tot die waarde van die uitstaande leningsrekening.

Dieselfde geld die risiko van persoonlike aanspreeklikheid. Om-

dat die trustbates nie meer joune is nie - ons aanvaar die trustakte is deur ’n trustkundige opgestel en dat die trust finansiële korrek gehanteer word - kan daar nie op beslag gelê word nie. Die bates in die trust bly egter vatbaar deur byvoorbeeld skuldeisers tot die waarde van die uitstaande leningsrekening. As jy die bates geskenk het, is daar natuurlik geen risiko nie (gegewe die korrekte bestuur van trustbates).

Wat my bring by die ander tipe leningsrekening, veral gewild onder mense wat belastingspeletjies probeer speel met trusts. Trust-inkomste word aan begunstigdes toegeken om só voordeel te trek uit die sogenaamde deurvloeibeginsel in die inkomstebelastingwet. Dié inkomste word dan belas, uiteraard teen ’n laer koers, in die hande van die begunstigde

eerder as in die trust.

Wat vergeet word, is dat die gebruik ’n gevestigde belang skep vir daardie begunstigde. En so raak die inkomste vatbaar vir sy of haar skuldeisers en val dit ook in sy of haar boedel vir boedelbelasting. En om ’n risiko vir trustees te noem, hulle kan voortaan daardie inkomste uitsluitlik net tot voordeel van daardie begunstigde bestuur. Dit is nie meer deel van algemene trustbates nie en dit laat die trustees oop vir aanspreeklikheid deur daardie begunstigde.

■ Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of [nico@finlac.com](mailto:nico@finlac.com); Twitter: @Nicovangijsen